ANDRIES ALBERTS
*In vreemdelingskap: kort lewensbeskrywings van Dorslandtrekkers, Angola-Boere en Suidwesters*
Groblersdal: A. Alberts
1990
174 pp.
R55,00 (Posgeld ingesluit)
Bestel van die outeur:
Posbus 655, Groblersdal, 0470

In hierdie tyd van verandering en woelinge in Suider-Afrika, 'n tydperk wat deur baie gesien word as die finale fase van die koloniale era in die geskiedenis van Afrika - Angola se onafhanklikheid wat na hoeveel jaar nou eers blyk gefinaliseer te word; Suidwes-Afrika wat pas onder 'n nuwe naam sy bande met "kolonialisme" verbreek het en die R.S.A. wat 'n geheel nuwe toekoms tegemoet gaan - verskyn daar 'n boek wat ons aandag op 'n groepie blanke pioniers van bogenoemde drie Afrikastate vestig. Dit is amper asof dié boek ons daaraan wil herinner dat ons hierdie Afrikaners nie durf vergeet nie.

*In Vreemdelingskap* deur Andries Alberts gaan oor die sogenaamde Dorslandtrek wat vanaf ongeveer 1870 vanuit die Transvaal en die Oranje-Vrystaat na Angola en Duitswes (Namibië) onderneem is, en meer spesifiek oor dié mense se lotgevalle en verblyf aldaar. Dit is nie 'n wetenskaplik gefundeerde studie oor die onderwerp nie, maar bloot die herinneringe van 'n aantal van hierdie mense soos opgeteken en saamgestel deur 'n kleinseun van een van die trekleiers wat self in Angola gebore en getoë is. Ten spyte van talle tekortkominge en foute, is dit 'n merkwaardige boek wat vir diegene wat in hierdie "tragiese" episode in die geskiedenis van die Afrikaner belangstel, van groot waarde sal wees.

Met die eerste opneem van die boek tref die voorbladfoto 'n mens. Dit is in sekere opsigte eintlik 'n tipiese groepfoto van 'n Boeregesin uit die vorige eeu, maar hoe langer mens na die foto kyk hoe aangrypender word dit. Is dit die mense se oë? Hierdie mense het swaarkry geken. Afrikaner-Boeremens, waarheen het jou "trekgees" en onblusbare drang na vrywees jou nie oral gelei nie?

Die boek is in ses hoofstukke of, soos die skrywer dit blykbaar verkies, dele verdeel. Deel 1 het die opskrif "Inleiding" hoewel dit eintlik 'n lys erkennings en dankbetuigings, 'n voorwoord en 'n swakkerige kaart bevat, maar geen inleiding tot die onderwerp nie. Of moes wat hy "Voorwoord" noem eintlik "Inleiding" gelees het.

Deel 2 handel oor kort, interessante lewensbeskrywings van "Dorslanders", die skrywer ingesluit, en ander leiersfigure onder dié mense. Die opskrif van Deel 3 is: "Die Agtste Dorslandtrekgroep", hoewel dit nie uitsluitlik oor hierdie groep handel nie. 'n Paar persone wat glad nie deel van hierdie trek was nie, word ook in hierdie deel behandel en dan verskyn daar ook 'n afdeling onder die opskrif "Die Aksiomatiek van die Dorslandtrek", wat eintlik van toepassing is op die trekgedagte in geheel en ook nie net oor die agtste trekgroep handel nie. Hoewel laasgenoemde 'n besonder insiggewende afdeling is, is dit nie heeltemal duidelik wat dit is wat vir die skrywer "aksiomaties" is omtrent hierdie stuk ge-

skiedenis nie. Gaan dit hier oor 'n "vanselfsprekendheid" omtrent die redes vir die trek of gaan dit oor 'n bepaalde "grondwaarheid" wat betref "trek" as sodanig?

Deel 4 is 'n versameling ware verhale uit die lewens van hierdie mense. Dit is hoofsaaklik jagverhale wat ook interessante kykies gee in die leefwyse van dié mense. Deel 5 bevat naamlyste van trekkers wat egter nie baie waarde het nie omdat, soos die skrywer self sê, dit onvolledig is. 'n Mens wonder net hoekom hy nie die naamlyste wat elders in die boek verskyn (pp. 58-59 en 82-83), liewer hierby gevoeg het nie?

Die laaste deel onder die opskrif "Letterkundig" is mededelinge oor die skryfster Hettie Smit en die skrywer se "verhouding" met haar soos verbeeld in hulle korrespondensie. Hierdie diep emosionele en soms aangrypende en ontroerende prosa hoort ongelukkig nie hier tuis nie. Wat het dit nou eintlik met die Dorslandtrek te make? Die boek eindig dus ietwat stomp met hierdie vertellinge omtrent Hettie Smit. 'n Mens sou eerder 'n slotwoord, slotgedagte of samevatting verwag het.

Die skrywer is uit die aard van sy persoonlike agtergrond 'n kenner van die onderwerp en het vir die skryf van hierdie boek ook 'n aantal reeds gepubliseerde boeke en artikels oor die Dorslandtrek geraadpleeg. Tog is dit jammer dat hy nie die mees wetenskaplike en omvangrykste studie oor die onderwerp, J.L Hattingh se *Die trekke uit die Suid-Afrikaase Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875-1895* (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1975) geraadpleeg het nie.

Dit is interessant dat Alberts die, tot dusver algemeen aanvaarde, afkeur wat die Boere in pres. T.F. Burgers se liberale godsdiens gehad het probeer afmaak as 'n rede vir die trek (pp. 7-9). Tog oortuig dit nie werklik nie. Sy betoog is te onwetenskaplik en emosioneel - die verduideliking op pp. 108-110 ten spyt. 'n Mens moet egter in gedagte hou dat die skrywer tydens die skryf van hierdie manuskrip reeds in sy tagtigste lewensjaar was - iets wat die boek ook in daardie opsig merkwaardig maak.

Plek-plek skemer dit deur dat die skrywer besef dat die meeste van hierdie mense getrek het bloot as gevolg van 'n lus om te trek, die sogenaamde "trekgees" (kyk byvoorbeeld p. 9: "een roerende geeste in hun hart van trek ..." ens.) J.M. White sê van die Dorslandtrekkers: "They were in their deepest nature anti-social. They were wanderers. Bushmen with white faces. They endured the extremes of thirst and hunger, heat and cold. They were never able to put down roots. They were compelled by circumstances and their own restless character to set out across the plain that started where the last plain ended .... Then why is it possible to feel for them a dim and cloudy sense of envy? What did they have? Nothing. A dream, a desert, a jealous God. But was there some mystery there? Something (they) knew, or came to know, that we can no longer unravel?" *(The land God made in anger,* pp. 256-257).

'n Mens is dank aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en in besonder aan Alana Bailey verskuldig wat Alberts gemotiveer het om die werk aan te pak. Trouens, dit blyk dat dele van die boek deur Alana Bailey self geskryf en vroeër in die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* gepubliseer is.

*In vreemdelingskap*, wat weldra as Africana geklassifiseer sal word, is nog lank nie die laaste woord wat oor die Dorslandtrek geskryf sal word nie. Dit moet egter in ag geneem word dat die skrywer dit hom ten doel gestel het "dat hierdie boek niks mag bevat wat reeds deur 'n ander skrywer behandel is nie" (p. 11), Eendag sal iemand nog moet gaan sit om al die vertellinge oor die Dorslandtrek saam te vat - nie net die tiental reeds gepubliseerde werke nie, maar veral ook die talle ongepubliseerde herinneringe wat landwyd versamel sal moet word.

L.J.S. CHANGUION
*Universiteit van die Noorde,*
*Sovenga*